



The World's Largest Open Access Agricultural & Applied Economics Digital Library

This document is discoverable and free to researchers across the globe due to the work of AgEcon Search.

Help ensure our sustainability.

Give to AgEcon Search

AgEcon Search
<http://ageconsearch.umn.edu>
aesearch@umn.edu

*Papers downloaded from **AgEcon Search** may be used for non-commercial purposes and personal study only. No other use, including posting to another Internet site, is permitted without permission from the copyright owner (not AgEcon Search), or as allowed under the provisions of Fair Use, U.S. Copyright Act, Title 17 U.S.C.*

LANDBOU-EKONOMIE IN DIE RSA NA 2 FEBRUARIE 1990

JM Laubscher
Uitvoerende Hoofbestuurder, Agrimed, Bloemfontein

Presidentsrede gelewer tydens die 28ste Jaarlikse Konferensie van die Landbou-Ekonomie Vereniging van Suider-Afrika. Durban, 17 September 1990.

"Most of the changes we think we see in life is due to truths being in and out of favour" (Robert Prost)

1. Inleiding

Tot dusver toon die politieke inisiatiewe van die Staatspresident sedert 2 Februarie 1990 dat uitgebreide veranderings en/of verklaarde voorname van veranderings traumatis ervaar kan word, 'n geweldige impak kan hê in terme van omvang en duur en dat 'n ysterse wil en vasberadenheid nodig is om op die nuwe koers te bly. In die nou reeds geyekte "nuwe Suid-Afrika" het die klem klaarblyklik verskuif vanaf 'n paternalistiese siening ten opsigte van die daarstel en beskerming van groepsregte tot 'n erkenning van 'n meer gedifferensieerde institusionele perspektief. Dit gaan nou om mense (alle mense) en hulpbronne en die omgewing waarbinne optimale samelewing moet gebeur! Ten opsigte van die landbousektor, word daar gewag gemaak van 'n wanbalans wat bestaan tussen die aansien wat die kommersiële landbou geniet in terme van hulp wat aan die sogenaamde groot plase en grondienaraars verskaf word, versus die beweerde ontoreikende hulperlening aan landbou in die agtergeblewe gedeeltes. Laasgenoemde dek hoofsaaklik die swart boerderygebiede van Suid-Afrika. Die huidige debat openbaar al hoe meer elemente van 'n behoefté aan 'n omvattende mens- en omgewingsbenuttingsbeleid waarin 'n verenigde Suid-Afrika sy hulpbronne tot optimale aanwending kan voer. Daar kan in hierdie verband gewoon geargumenteer word dat die paring van 'n ontwikkelde en onontwikkelde landbou 'n hòë beleidsprioriteit kan word. Die vraag is hoe? Definitiewe voorstelle bestaan vanuit elkeen van die groeperinge links enregs van die regering, die meriete waarvan nie nou hier debatteerbaar is nie. In hierdie verband is die opmerking van Bishop grootliks waar naamlik:

"we need to understand and evaluate change with reference to an identifiable benchmark or baseline condition".

Die grootste uitdaging is egter om redelike stabiliteit te waarborg, terwyl daar by veranderinge aangepas word.

Hierdie rede het die volgende ten doel naamlik om in die eerste plek oorhoofs aandag te gee aan die tipiese veranderings wat die landbou te wagte kan wees nameit grondwetlik gestalte gegee word aan die proses wat op 2 Februarie 1990 begin is. Tweedens gaan die veranderde rol van die landbou-ekonom en sy dissipline aangespreek word om in die derde en laaste gedeelte af te sluit met 'n siening oor die toekomstige rol van die Landbou-Ekonomie Vereniging van Suider-Afrika (LEVSA).

2. 'n Veranderde landboustruktuur

Die tema van die 1989 Konferensie naamlik "Risiko in die Landbou" en die mate waartoe dit aangespreek kon word, getuig van die vereniging se vermoë om, in pas met die huidige grondwetlike ontwikkeling in die RSA, denke te stimuleer. Sommige van die genooide referate se uitsprake in 1989 het vir baie lede ongemaklik op die oor gevall, maar bied onteenseeglik 'n verwysingsraamwerk waarbinne lede en ander belangstellendes 'n begrip vir die belangrikste en onafwendbare veranderings in die struktuur van die RSA Landbou, kan ontwikkel.

Suid-Afrika beleef 'n tyd van vinnige en betekenisvolle veranderinge op politieke, ekonomiese en sosiale gebied. Die landbou word bedryf in hierdie veranderde omgewing en kan of behoort hom nie van die uitwerking daarvan te isoleer nie. Noodsaaklike aanpassings lê voor die deur, sommige waarvan deur middel van die individuele boerdery-onderneiming kan plaasvind, terwyl ander deur die kommersiële boer se verteenwoordigers en/of organisasies bedryf sal moet word. Te midde van 'n eerlike poging tot groter markgerigtheid, dui uitsprake van sekere politieke en landbouleiers oor byvoorbeeld die huidige grondbesitpatroon daarop dat diepliggende beginselverskille bestaan. Die bylê van hierdie verskille is egter nog nie 'n aktiewe debatspunt nie. Dit lê op die weg van die verantwoordelike leiers om by te dra tot 'n ingeligte debat oor en oorweging van hierdie en ander omstrede onderwerpe met die doel om werkbare oplossings te vind.

Van Rooyen (1989) se uiteensetting van die status van die tipiese strukture van die RSA Landbou, synde die kommersiële en die ontwikkelende landbou, verdien by hernuwing aandag. Die realiteit van landbou in die RSA is die omvang van 'n toenemende ekonomiese diverse gemeenskap. Tot nou toe was die verskille tussen die kommersiële en ontwikkelende landbousektore wesentlik, maar na my mening openbaar 'n toenemende diversiteit hom ook in die sogenaamde kommersiële landbou. Binne die gelede van kommersiële landbou is betekenisvolle struktuuraanpassings onafwendbaar. Die kommersiële landbou se politieke belangrikheid is grootliks afgewater, terwyl die ekonomiese belangrikheid daarvan tans onder ernstige druk verkeer vanweë dalende winsgewendheid. 'n Verswakkende ruilvoet te midde van grootskaalse uifasering van hulpprogramme kan die aansien van kommersiële landbou dramaties verander en wel tot die mate waartoe baie boere toenemend tot aanvullende inkomstebonne buite die landbou aangewese sal wees. Die sosiale ontwrigting wat hiermee gepaard mag gaan, staan ontleed te word.

Terwyl die land se ekonomiese wiele spreekwoordelik tot stilstand knars, markte en institusies gedestabiliseer word as gevolg van 'n spiraal van onrus en geweld, poog die landbou om effek te gee aan 'n meer markgerigte benadering. Hierin bestaan daar na bewering bepaalde ongelykhede en wel in die mate waartoe die landbouprodusent as tipiese prysnemer baie min indien enige verskansing het teen immerstygende insetpryse. Die wanbalans ontstaan klaarblyklik op grond van die struktuur van die mark aan die insetkant waar kostendruk grootliks oorgedra word na die koper/boer. Deregulering en privatisering behoort tegnies so bedryf te word dat staatsbeheer nie net eenvoudig deur korporatiewe beheer vervang moet word nie. Ten opsigte van die beheer deur die staat in terme waarvan die staat plaasvervarend tot die kragte van vraag en aanbod optree, is beheer oor hierdie rol van die staat ten minste gedeeltelik onderworpe aan die stemreg van die kieser. In die geval van korporatiewe beheer, bestaan dit gewoon net nie.

Impending change in the policies of the state may hasten the pace of structural change of commercial farming in South Africa. These changes will most certainly affect the future of many agricultural producers with significant implications for those associated with the sector and especially for all of the rural areas of South Africa. Simultaneously South Africa's agriculture will experience significant economy-wide removal of economic assistance programmes by the Government. These changes may in some instances be rather sudden in future, whilst most of the structural changes induced by policies had been of the more gradual type up to now. More abrupt type of changes induced by sudden shifts in economic conditions are inevitable. One would like to see those being buffered by specific adjustment policies. Agricultural economists will be challenged to provide wise council in the many different settings.

Economic improvement of agriculture in a new constitutional setting will most likely not easily or quickly be attained in the short to medium run. Farmers who responded to distorted price signals in the past and miscalculated the long-run risk of assuming a continuation of assistance policies, will continue to suffer economic hardship. Forced sell-outs of those experiencing financial distress will most likely cause a further decline of agriculture's solvability. By so doing prices of agricultural land may decline, instigating a spiral of decreasing solvency ratio's. Necessary adjustments in the ownership and capital structure of commercial farm businesses are of the essence. This restructuring will most likely be in the form of farmers rid themselves of excessive debt or to transfer ownerships at lower levels of capitalized values. The rate of these changes, should it become practice, must not be too slow.

Another significant challenge is to clearly understand the implications for structure, interpreting outcomes not only with respect to the commercial farming sector, but also with increased sensitivity to resources and people associated with agriculture, and its related economic activities. In the words of Johnston (1990) when he describes the structure of New Zealand's agriculture, for which much similarities exists with South Africa:

"The consequences of these changes can influence the organisation and practice of agricultural economics".

The primary objective is to restructure the agriculture sector in order to respond to price signals. Integrating the dualistic poles within South Africa's agriculture asks for careful design of evolving institutional structures which will ensure the successful development of a universal private agriculture sector. Several warnings persist though. Johnston (1990) states that:

"Overzealous promotion of the merits of a market economy may neglect adequate provision of public infrastructure investments required to support sector development and efficiency. It may also obscure the recognition that so-called non-market 'bads' (e.g. environmental degradation) may accompany sought after market 'goods' in the process of agricultural growth and development". Also "that integration of agricultural and environmental policies is desirable."

'n Laaste waarskuwing is dat die omgekeerde van wat Jerry L. Wade as 'n sogenoemde tradisionele benadering sien, naamlik dat die gemeenskap eerder belangstel om die gisters vas te lê as om die mōres te skep, die praktyk moet wees.

3. 'n Veranderde betrokkenheid van die landbou-ekonom en 'n meer dinamiese toepassing van sy vakdissipline

Dit behoort nou baie duidelik te wees dat die landbou-milieu in Suid-Afrika drastiese veranderings kan ondergaan, met die klem op groei en herstrukturering. Hierdie herstrukturering en groei behoort polities redelik gelai te wees. Veranderings in

die landbou-ekonomiese dissipline is 'n refleksie van die integrasie van die landbousektor met nasionale en internasionale ekonomiese. Dit is egter die noodwendige gevolge van reaksie op 'n meer uiteenlopende reeks geleenthede wat dit vir die deelnemende individu en institusies mag moeilik maak. Die moderne landbou-ekonom in Suid-Afrika kan dit nie meer bekostig om net 'n sogenaamde "plaas" ekonom te wees wat slegs ingestel is op mikrovlak ontledings aan die boerdery ondernemings as die basiese verwysingsraamwerk vir sy vakkundige bydrae nie (Johnston, 1990). Gardner (1989) stel selfs 'n meer aktiewe rol voor vir die (landbou) ekonom in die praktiese politiek. Hy stel 'n gewone maksimiseringsprobleem oplossing voor, maar gee egter toe dat die uitvoerbaarheid slegs gedeeltelik haalbaar is. Dit is egter verblydend dat 'n bykans onuitputbare bron van literatuur tot die beskikking is van die landbou-ekonom in die slyp van sy vermoë tot deelname. Lee (1989) voer tereg die volgende aan:

"Just a partial list of the analytical traditions that are of potential relevance would include public choice theory, the theory of regulation, the legislature voting and endogenous politics in literature, pressing group models, endogenous tariff theory and imperfect competition theory from international trade, the government behaviour theory, and so forth. Thus, while recent research on the political economy of agricultural policy has proved promising and illuminating, we have barely scratched the analytical surface".

Die aanvanklike oorsig ten opsigte van die eksplisiete insluiting van die landbou-ekonom in die te stigte Landbounavorsingsraad, mag die landbou-ekonomiese dissipline huis dwing om weg te beweeg uit die dampkring van die landbouwetenskappe. Die vraag is of so 'n stap enigsins voordele kan inhou. Landbounavorsing kan nie net afgestem wees op die eerste wêrel komponent van Suid-Afrika se landbou nie. Die poel van kundigheid waaroor die landbou-ekonom beskik, maak hom by uitstek geskik om in multi-dissiplinêre spanverband, betekenisvolle bydraes te maak in die ontwikkeling van gedepolitiseerde strukture waarin die landbou sy basiese besigheid, naamlik bekostigbare voedselvoorsiening, kan bedryf.

Gegewe die verwagte veranderings in die Suid-Afrikaanse landboupolitiek, kan met reg gepleit word vir nouer bande tussen navorsing, onderrig en voorligting in die toekoms. Hierin sal die landbou-ekonom instrumenteel moet wees. Vir hierdie doel is die ontwikkeling van 'n geskikte struktuur vir navorsing, opleiding en voorligting (NOV) ewe eens onontbeerlik. Sonder om in te gaan op die meriete al dan nie van die te stigte Landbounavorsingsraad, behoort die volgende aspekte rigting te verskaf in die ontwikkeling van so 'n NOV-program wat effek kan gee aan 'n meer konkrete rol vir die landbou-ekonom.

Daar bestaan 'n hele aantal modelle in die literatuur aan die hand waarvan 'n struktuur vir NOV ontwikkel kan word. Bonnen (1986:1067), stel dit dat

"Thoughtful examination of the application of scientific knowledge to human problem solving exposes a continuum of institutions and processes involving several categories of knowledge they help to create and manage."

Hy onderskei vervolgens tussen verskillende kennisvlakke en stel ook 'n tweerigting vloeи voor nadat die vloeи van kennis die eindverbruiker bereik het. Insiggewend is sy standpunt dat

"as scientific knowledge increases and with it agricultural productivity, the proportion of total R & D investment going to maintenance research must inevitably grow".

In terme van die ontwikkeling van nuwe kennis in die RSA landbou, kan tereg gevra word of daar nie tans 'n aanpassing van die relatiewe belangrikheid van die verskillende kennisvlakke in die huidige NOV-programme behoort te kom nie?

Is die vlak van kennis, gegewe die ondervinding wat reeds opgebou is, nou, nie sodanig dat groter klem op die sogenaamde onderhoudsnavorings geplaas moet word nie? Die te stigte LNR kan 'n belangrike middel wees tot die doel, naamlik om na die kategorisering van navorsingstipes, (volgens Bonnen) die relatiewe gewigte/belangrikheid van elke kategorie in belang van voortreflike wetenskapbevordering te ontwikkel. Donovan en Nieuwoudt (1988:15) stel 'n bestuursmodel voor aan die hand waarvan kommoditeitsorganisasies eie navorsings- en ontwikkelingsprogramme van stapel kan stuur. Dobbs (1987:11) gee 'n uitgebreide uiteensetting van 'n model of struktuur aan die hand waarvan multi-dissiplinêre navorsing en voorligting gedoen kan word en waarin hy die landbouekonom 'n betekenisvolle rol laat speel.

Insiggewend is egter Swanson (1984:782) se bespreking van die Singenan-Churchmanian benadering tot navorsing. Swanson bespreek ook die vermoë van navorsers om afhangende van die gekose navorsingsroete, die uiteindelike navorsingsresultate te kommunikeer, beide formeel via amptelike wetenskaplike publikasies en/of deur middel van die meer populêre media. Hy kom verder tot die slotsom dat die institusionele konteks waarbinne die probleemoplossings paradigma manifesteer, 'n voldoende en stabiele aansporingsstelsel moet voorsien ten einde die gebruik van kragtiger analitiese werktuie ('tools') in die ontleding van probleme in die belang van die gemeenskap, te gebruik.

Indien aanvaar kan word dat Swanson se voorgestelde struktuur as katalisator kan dien vir doeleindes van die rig en die strukturering van navorsing, opleiding en uiteindelik voorligting, is dit gepas om kortlik te besin oor welke vereistes behoort te geld vir NOV-programme om betekenisvol te wees.

Gegewe onder andere Swanson, Bonnen en Dobbs se sienings vir die kommunikeerbaarheid van navorsingsinsette, is die siening van McDowell oor die tipiese karaktereinskappe van 'n doeltreffende voorligtingsprogramma na my mening ewe toepaslik vir 'n omvattende NOV-struktuur. McDowell argumenteer dat enige voorligtingstruktuur polities-economiese implikasies het. Ek oordeel dat die hele NOV-struktuur onderworpe behoort te wees aan die gestelde doelwit van McDowell naamlik dat:

"The nett benefit obtained by an individual from a service providing agency is the difference between the costs and the value placed by the individual on the benefit the consumer surplus".

McDowell (1985:718) gee ook spesifieke aandag aan die toepasbaarheid van voorligting (vir doeleindes van hierdie aanbieding sluit ek die hele NOV-spektrum daarby in) en wel in terme van

- 'n positiewe netto-effek by gebruikers van die resulata;
- die vermoë van gebruikers om 'n NOV-program te identifiseer as die bron/oorsprong van voordele, en
- 'n vermoë om ook binne die politieke arena ondersteuning op te wek, al is dit net vir doeleindes van befondsing deur staatsinstansies. Sekondêre verpolitisering van NOV-programme kom daarop neer dat privaat instansies toegelaat moet word om byvoorbeeld sekere belastingvoordele te behaal deur die finansiering van NOV-programme. In terme van hierdie moontlikheid waarsku Havlicek (1986:1061) ondubbelzinnig teen die versoek om net dit (navorsing) te doen wat maklik befonds kan word.

Binne die voorgestelde struktuur word daar dus 'n kontinuum van moontlikhede aangetref met een moontlike grens, Swanson se dissiplinêre navorsing en dit wat kan gebeur as Havlicek se waarskuwing verontagsaam word, as die ander grens. In die geheel gaan dit tegnies oor die generering van nuwe inligting en

hoe hierdie inligting herlei behoort te word tot 'n meer doeltreffende gemeenskap. Reichelderfer (1989:15) plaas vervolgens die ekonomiese waarde van inligting in 'n bepaalde perspektief:

"The possibility that economic information can change the way that things are viewed carries with it a great deal of responsibility. An unrealistic assumption that underlies an analysis, or a faulty forecast that is accepted, can have multiplier effects if policy decisions are made on its basis".

Hierdie is veral waar in die konteks wat Dahlgran (1987:167) sy sogenaamde inligtingseeu definieer en waarin hy Sonka aanhaal:

"society moves from the centralized, industrial age to an era where the acquisition and use of information become the key to success".

Hiermee saam gaan die volgende verantwoordelikhede soos gevimpliceer deur die stelling van Alfred North Whitehead soos aangehaal deur Bonnen (1986:1065):

".... unapplied knowledge is knowledge shorn of its meaning".

Enige NOV-program behoort dus ingestel te wees op veranderde kliënte, boodskapinhoud en belangriker die kommunikasie van hierdie navorsing. Dit is nie net meer 'n kwessie van die reëls wat verander nie, die spel self verander namate die omgewing waarbinne opeere moet word, verander as gevolg van 'n struktuur wat verander.

All said and done, one has to consider the following remarks by Earl Butz. He states that the practical economist is more essential now than ever before. Further more:

"Never before in our history was the opportunity greater for competent and objective Agricultural economist with a practical bent for lay communication. The level of economic literacy of our people must be raised if sound economic philosophy on a continuing basis is to find expression in our legislative halls". He continues by saying that "one of the greatest challenges facing the agricultural economist is to cast his influence on the side of keeping government the servant of agriculture, not its master. To accomplish this, we must bring more of our research down from the cloudy mists of theory and exotic statistical models that engulf much of it today, to the more practical plane of public policy formulation and administration. For the individual economist, this may be less exiting in the short run, but in the long run it will yield large dividends in the form of a progressive agriculture".

I pledge for the same to happen in a new South Africa.

4. Slot: Die toekomstige rol van die LEVSA

Getrou aan sy grondwet, behoort LEVSA sy rol as fasiliteerde sterker uit te bou. Dit is 'n verklaarde doelwit om die ledebasis van die organisasie te verbreed. Aktiwiteite van lede van die organisasie dek 'n baie wye spektrum. Die reël van streeksaamtrekke dui op 'n toenemende behoeftie aan meer gereeld vakkundige kontak. In hierdie verband neem die Transvaliese Aksiegroep pragtig inisiatief en behoort hulle gelukgewens te word met die voortdurende skep van verantwoordelike forums om die debat oor omstrede landboupolitiske sake na die oppervlak te bring. Hierdie verkenende gesprekvoering moet uiteindelik lei tot beter wedersydse begrip tussen groepe wat tot datum bepaalde uiteenlopende pole in die Suid-Afrikaanse landboupolitiek verteenwoordig het.

Deelname van ons voorste landbou-ekonome in die bespreking van uiters delikate aangeleenthede soos die grondkwessie en die herverdeling van rykdom/welvaart gee praktiese gevolg aan dit wat deur Butz as voorvereiste vir die ontwikkeling van 'n

sterk onafhanklike landbou gestel word. Hierdie nuwe denke, hierdie vernuwing van die verwysingsraamwerk van die moderne landbou-ekonoom moet nie verkeerdelik ervaar word as partypolitiekery nie. Dit is belangrik dat hierdie skeppende denke na alle lede gekommunikeer moet word. Verantwoordelike en eerlike oordrag van hierdie denke, gesubstansieerd deur die teorie, moet binne die geledere van ons organisasie debatteerbaar wees. Dit is 'n feit dat die spektrum van politiek binne die organisasie betreklik diverse is, maar om stil te bly omdat daar nie saamgestem word met sekere uitsprake oor die realiteit van moderne Suid-Afrikaanse landboupolitic nie, is 'n fout. In hierdie opsig hou Agrekon as ampelike mondstuks van LEVSA onbeperkte moontlikhede in. Dit is so dat die omvang van publieerbare artikels geweldig toegeneem het, maar ekoordeel dat die redakteurs nie ongenet sal wees om meer volumes per jaar die lig te laat sien nie, sou dit bydra tot 'n meer doeltreffende kommunikasie van skeppende denke.

LEVSA is verbind tot hierdie vaartbelyning van gesprekvoering en is daarop ingestel om sy lede met hom saam te neem. Dit is egter noodsaklik dat lidmaatskap verteenwoordigend van die hele spektrum van landbou-ekonome in Suider-Afrika moet wees. Dit beteken dat hierdie gesien moet word as 'n ope uitnodiging aan veral die swart landbou-ekonome in die streek, om aan te sluit by LEVSA om sodoende lid te word van die toekomsskeppers.

Notas

1. Die debat in veral die blanke politiek fokus skerp op hierdie aspek en die regering is toenemend onder druk om voortgesette waarborgs vir die beskerming van minderheids (net blanke) minderhede te gee.
2. Die gefinteresseerde leser word verwys na Bonnen se uiteensetting en veral na sy siening van sogenaamde onderhoudsnavorings: 1067-1068.
3. Donovan en Nieuwoudt ondersteun die uitgangspunt ten minste by implikasie.

Verwysings

BONNEN, JAMES T. (1986). A Century of Science in Agriculture: for Science Policy in American Journal of Agricultural Economics, Vol 68, No 5.

BUTZ, EARL L. (1989). Research that has value in policy making: a professional challenge. American Journal of Agricultural Economics, Vol 71, No 5.

DAIILGRAN, ROGER A. (1987). Agricultural Economists in the Information Age: Awareness, Usage, and Attitudes toward Electronic Bibliographic Databases. American Journal of Agricultural Economics, Vol 69, No 1.

DOBBS, THOMAS L. (1987). Toward more Effective Involvement of Agricultural Economists in Multidisciplinary Research and Extension Programs. American Journal of Agricultural Economics, Vol 69, No 1.

DONOVAN, PA and NIEUWOUDT WL. (1988). A model for Agricultural Commodity R & D. Agrekon, Vol 27, No 1.

GARDNER, BRUCE L. (1989). Economic Theory and Farm Policies. American Journal of Agricultural Economics, Vol 71, No 5.

JOINSTON, WARREN E. (1990). Structural Change and the recognition of diversity. Unpublished paper, AAEA Annual Convention, Vancouver, Canada, August.

LEE, DAVID R. (1989). The political economy of Agricultural Policy: Discussion. American Journal of Agricultural Economics 71, No 5.

McDOWELL, GEORGE R. (1985). The Political economy of Extension Program Design: Institutional Maintenance Issues in the Organization and Delivery of Extension Programs. American Journal of Agricultural Economics, Vol 67, No 4.

REICHELDERFER, KATHERINE. (1989). Roles of the Economist in the Policy Process. SWAEA, Newsletter of the Committee of Women in Agricultural Economics: Fall Issue

SWANSON, EARL R. (1984). The mainstream in Agricultural Economics Research. American Journal of Agricultural Economics, Vol 66, No 5.

VAN ROOYEN, CJ. (1989). Agricultural restructuring in South Africa: the contribution of the developing Agricultural Sector. Presidentsrede gelewer tydens die 27e Jaarlikse Konvensie van die Landbou-Ekonomiese Vereniging van Suider-Afrika, September.